



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOUD IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 16 SEPTEMBER 2026 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekretriaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter skakel virtueel in by die vergadering en verwelkom lede. Die voorsitter versoek rdl N Smit om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl A K Warnick, die Speaker, rdh M A Rangasamy en die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H Witbooi.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 ALGEMENE MEDEDELINGS

Opgradering van spoorroorgang in Evita Bezuidenhout Boulevard:

BESLUIT dat sodra vanaf die kontrakteurs verneem word wanneer daar 'n aanvang geneem sal word met die opgradering van die spoorroorgang, dit aan die inwoners van Darling gekommunikeer sal word.

Hulpverlening aan Drakenstein Munisipaliteit:

Die Munisipale Bestuurder meld dat 'n watertrok beskikbaar gestel is aan Drakenstein Munisipaliteit nadat lg. 'n groot pypbreek ondervind het en daar nie water in die stelsel was nie.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES

4.1/...

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU OP 19 AUGUSTUS 2026

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n gewone vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 19 Augustus 2026 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS UIT DIE NOTULES

5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERINGS GEHOU OP 9 SEPTEMBER 2026

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES (7/1/2/2-1)

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE (7/1/2/2-4)

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

7. NUWE SAKE

7.1 KLIPKOPPIE-SONKRAGPROJEK: OMSIGTIGHEIDSONDERSOEK, RISIKO-EVALUERING EN OPSIES VIR VERDERE VORDERING (12/2/4-8/5)

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag en meld, onder andere, dat alhoewel die potensiële ekonomiese en strategiese voordele van die Klipkoppie-Sonkragprojek erken word, dit beoordeel moet word teen die kredietverbeteringsvereistes, verpligting oor die langtermyn en die Munisipaliteit se kapasiteit om die projek verantwoordelik te bestuur.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die waarde-vir-geld ontleding 'n ekonomiese voordeel van R284,1 miljoen oor 20 jaar aandui en is dit nie die kernvraag nie, maar wel of die Raad bereid en in staat is om die vereiste waarborge, ander kredietondersteuning, geleentheidskoste en kapasiteit- en kontrakbestuursrisiko's oor die langtermyn aanvaar.

7.1/...

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat daar 'n skriftelike bevestiging vanaf die Provinsiale en Nasionale Tesourier verkry sal word dat die projek nie geag word as 'n *Public Private Partnership* (PPP) nie.

Rdh T van Essen ondersteun die Klipkoppie-Sonkragprojek in 'n poging om self voorsienend te raak. Die Raad sal egter een of ander waarborg moet gee, byvoorbeeld die versekering dat energie wat opgewek word teen 'n bepaalde persentasie onder die Eskom-tarief aangekoop sal word.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die item terugverwys word om geleentheid te gee om die verslag met lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee te werkwinkel om 'n ingeligte besluit te kan neem.

7.2 CENTRE OF HOPE-PROJEK (DARLING): VERSOEK OM KWYTSKELDING VAN MUNISIPALE DIENSTE AANSLUITINGSKOSTES (2/1/4/5)

Die Munisipale Bestuurder meld dat 'n versoek gedateer 28 Augustus 2026 vanaf Sibathatu Mining ontvang is waarin kwytskelding van die betaling van munisipale diensteaansluitings versoek word. Die kwytskelding sal Sibathatu Mining in staat stel om 'n aanvang te neem met die oprigting van die Centre of Hope-projek wat in November 2025 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee inbeginsel goedgekeur was.

BESLUIT

(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat kennis geneem word van Sibathatu Mining se skrywe gedateer 28 Augustus 2026 waarin versoek word dat die toepaslike munisipale aansluitings-, installasie- en verwante diensfooie vir die Centre of Hope op Erf 4052, Bloekomlaan, Darling, kwytsgekeld word;
- (b) Dat kennis geneem word dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 19 November 2025 die projek in beginsel ondersteun het, die kwytskelding van bouplan-aansoekfooie goedgekeur het en Ontwikkelingsdienste/Stadsbeplanning gemagtig het om die hersoneringsproses te bestuur en dat die huidige versoek bykomend tot die vorige besluit is;
- (c) Dat die kwytskelding van die eenmalige munisipale aansluitings van R39 769,00 vir die Centre of Hope op Erf 4052 goedgekeur word;
- (d) Dat bepaal word dat die kwytskelding nie toekomstige verbruiks- of maandelikse diensheffings, deposito's, nie-standaard netwerkuitbreidings of kapasiteits-opgraderings, verskuiwing van dienste of heffings deur derde partye insluit nie, tensy dit afsonderlik oorweeg en goedgekeur word; en
- (e) Dat die betrokke munisipale departemente, in oorleg met Finansiële Dienste die nodige diensvereistes koördineer om die besluit te implementeer.

7.3 VERLENGING VAN DIENSTERMYN: VOORSITTER VAN DIE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE: UITKLARING VAN DIENSTERMYN (5/15/1/3)

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die doel van die verslag is om duidelikheid te voorsien insake die verlenging van die dienstermyn van die Voorsitter van die Prestasie, Risiko en Ouditkomitee.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die besluit van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van 20 Mei 2026 gewysig word om aan te dui dat die verlenging van me R Gani se ampstermyn as Voorsitter van die Prestasie-, Risiko- en Ouditkomitee vir die tydperk 1 Augustus 2026 tot 30 Junie 2027, synde elf (11) maande, is.

7.4 NOTULE VAN DIE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE GEHOU OP 19 MEI 2026 (5/15/1/3)

Die Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van Artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr 56 van 2003.

Die notule van die Munisipale Prestasie, Risiko en Ouditkomiteevergadering gehou op 19 Mei 2026 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie, Risiko en Ouditkomitee se vergadering van 19 Mei 2026.

7.5 TENDER L05/25/26: VERKOOP VAN ERF 971 ABBOTSDALE (8/2/2/8)

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste behandel die verslag en noem dat die voorlegging van die verslag die finale fase van die projek is wat deur die Raad goedgekeur is vir die ontwikkeling van 'n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum op Erf 971, Abbotsdale.

'n Openbare tenderproses is gevolg en met die sluitingsdatum is slegs een tender ontvang vanaf Sonneblomland Dagsorg. Die ontwikkelingsvoorstel van Ig. is deur die aangewysde komitee geëvalueer en die monetêre aanbod is aan die bodkomitees voorgelê vir evaluering en beoordeling. Sonneblomland Dagsorg het aan al die tendervoorwaardes voldoen.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die prosesse wat gevolg is vir Tender L05/25/26 (Verkoop van Erf 971 Abbotsdale) om toegeken te word aan Sonneblomland Dagsorg (Registrasie nr. C15208 / 228-448-NPO) 'n verkoopprijs van R20 000,00, BTW uitgesluit;
- (b) Dat die oordrag van die bate (onderwerp eiendom) aan Sonneblomland Dagsorg goedgekeur word, en die Verkooppooreenkoms onderteken word deur die Direkteur: Korporatiewe Dienste.

7.6 HERNUWING VAN VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 327, KLIPKOPPIE, MALMESBURY AAN IHS TOWERS SOUTH AFRICA (PTY) LTD (vorige huurder MTN) VIR TELEKOMMUNIKASIEDOELEINDES (12/2/4-8/4)

'n Aansoek is vanaf IHS Towers South Africa (Pty) Ltd ontvang vir die hernuwing van die huurooreenkoms van 'n gedeelte van Erf 327, Klipkoppie, Malmesbury (ongeveer 140 m² groot) vir die oprigting van telekommunikasie infrastruktuur.

BESLUIT

(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die hernuwing van die huur ten opsigte van 'n gedeelte van Erf 327, Klipkoppie, Malmesbury, ongeveer 140m² groot, aan IHS Towers South Africa (Edms) Bpk, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
 - (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van drie jaar sal duur vanaf 01 Januarie 2028 tot 31 Desember 2030;
 - (ii) Dat die opsie om te hernu nie ingesluit word in die huurooreenkoms nie;
 - (iii)/...

7.6(a)/...

- (iii) Dat 'n maandelikse huurbedrag van R5 407.46 (5% eskalاسie per jaar)(BTW uitgesluit) (eskalاسie sal op 1 Januarie 2029 gehef word vir Jaar 2 en op 1 Januarie jaarliks daarna) betaalbaar gaan wees deur die huurder asook elektrisiteitsverbruik;
- (iv) Dat die eiendom slegs aangewend word vir telekommunikasiedoeleindes en vir geen ander doel nie; en
- (v) Dat die huurder verseker dat die infrastruktuur/installasie nie enige ander huurder of die verhuurder se installasie belemmer of steurings veroorsaak nie en aan die nodige veiligheidsstandaarde moet voldoen.

7.7 VOORGESTELDE VERHURING EN BESTUUR VAN 'N REKENAAR EN INTERNET FASILITEIT BY DIE KALBASKRAAL SOSIALE EKONOMIESE FASILITEIT (SEF) GELEË OP ERF 979 KALBASKRAAL DEUR MIDDEL VAN 'N VERSOEK VIR VOORSTELLE PROSES (12/1/3/1-6/1)

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste meld dat die Sosiale Ekonomiese Fasiliteit (SEF), geleë op Erf 979, Kalbaskraal uit verskeie ruimtes bestaan, onder andere, 'n klein besigheid/kantoorspasie vanaf 28 m².

Voormelde kantoorspasie is ontwikkel as 'n rekenaar- internetfasiliteit vir gebruik deur die gemeenskap en alle toerusting en infrastruktuur sal deur die Kersfontein Sandmyn voorsien word as deel van hul sosiale verantwoordbaarheidsprojek.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir verhuring van die rekenaar- en internetfasiliteit, geleë by die Kalbaskraal SEF, op Erf 979 Kalbaskraal (konsolidasie van Erwe 622 & 623), Leeubekkiestraat, teen 'n nominale huurtarief van R100.00 per jaar, BTW uitgesluit, by wyse van 'n versoek vir voorstelle, onderworpe aan die standaard voorwaardes asook die volgende voorwaardes:
 - (i) Dat die uitnodiging tot voorstelle in die pers geadverteer word, waardeur belangstellende en geregistreerde NPOs /NPCs of enige ander geregistreerde gemeenskapsontwikkelingsorganisasies die geleentheid gegun word om voorstelle vir die bedryf van 'n rekenaar en internet fasiliteit in te dien;
 - (ii) Dat die aansoeke in samewerking met die munisipale Gemeenskapsontwikkelings-departement, GOP en Korporatiewe Dienste geëvalueer word, waarna 'n verslag met die aanbeveling oor die toekenning van die huur aan die Burgemeesterskomitee voorgelê sal word vir finale goedkeuring;
 - (iii) Dat 'n huur- en diensvlak-ooreenkoms (SLA) van 12 maande met die suksesvolle aansoeker geformaliseer word, met 'n opsie tot hernuwing vir 'n verdere tydperk van 12 maande, onderworpe daaraan dat 'n formele volhoubaarheidsoorsig wat voor die einde van die eerste 12 maande van bedryf uitgevoer moet word, welke oorsig ten minste die volgende oorwegings moet insluit:
 - a) benutting deur die gemeenskap;
 - b) prestasie van die aangestelde NGO/NPO/NPC;
 - c) bedryfskoste;
 - d) water- en elektrisiteitsverbruik;
 - e) internet- en lisensiekoste;
 - f) toestand en instandhouding van toerusting;
 - g) finansiële volhoubaarheid;
 - h) voordeel vir en impak op die gemeenskap; en
 - i) enige wysigings wat aan die bedryfsmodel vereis word.

7.7/(a)...

- (iv) Dat die spase slegs as 'n rekenaar- en internet fasiliteit gebruik word en vir geen ander doel nie;
- (v) Dat geen huur- of diensteverbruikskoste vir die eerste 12 maande van die ooreenkoms gehef word nie, onderworpe aan die hersiening van volhoubaarheid soos vermeld in paragraaf (a)(iii) hierbo, en met verdere inagneming van werklike verbruik, bedryfsprestasie, bekostigbaarheid en toepaslike munisipale beleide en tariewe;
- (b) Dat, in die lig van die Munisipaliteit se strategiese doelwit om gemeenskapswelstand en toegang tot digitale dienste te bevorder, die betrokke ruimte verhuur word met die doel om dit as 'n rekenaar- en internetfasiliteit in te rig en die bestuur daarvan aan die suksesvolle aansoeker toe te vertrou. Die fasiliteit sal rekenaar-, internet- en drukdienste nader aan die gemeenskap van Kalbaskraal bring en sodoende verbeterde toegang tot digitale hulpbronne en verwante dienste bevorder.

7.8 BEGROTING: ONDERHOUD AAN PROVINSIALE HOOFPAALIE: 2027/2028 FINANSIËLE JAAR (5/6/1/1/2)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat die verslag ten doel het om vir die 2027/2028 finansiële jaar vir befondsing aansoek te doen vir die opgradering van Voortrekkerweg ten bedrae van R10 500 822.00.

BESLUIT

Dat die begroting van uitgawes aan die onderhoud van Provinsiale Hoofpaaie vir die 2027/2028 finansiële jaar ten bedrae van R10 500 822.00 goedgekeur word.

7.9 UITSTAANDE DEBITEURE: AUGUSTUS 2026 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Augustus 2026.

7.10 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Augustus 2026 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKYRINGPROSEDURES: OPGRADERING VAN TELEMETRIE TOERUSTING BY DIE DARLING RESERVOIRS (8/1/B/2)

Die telemetrie-toerusting by die Darling-reservoirs vorm deel van die Munisipaliteit se telemetrie-infrastruktuur wat gebruik word om die vlakke van reservoirs en die outomatiese skakeling van aanjaagpompe te beheer. Betroubare telemetrie is uiters noodsaaklik vir die doeltreffende monitering en bestuur die Munisipaliteit se watervoorsieningstelsel.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te opgradering van die telemetrie toerusting by die Darling Reservoirs, deur Spectrum Communications ten bedrae van R107 160.12 (BTW ingesluit);

7.11/...

- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 36(1)(a)(ii) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig was om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Spectruc Communication die alleenverskaffer van *Spectrum Telemetry System* is;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R107 160.12 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/105-749-1211 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTEL VAN BOMAG BW 75 H WALK BEHIND KOMPAKTEERDER (8/1/B/2)

Die Afdeling: Strate- en Stormwater gebruik die Bomag-kompakteerder vir die herstel en onderhoud aan strate en sypaadjies in die Moorreesburg/Koringberg area.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir herstelwerk aan die Bomag Kompakteerder BW 75 H, deur Compaction and Industrial Equipment ten bedrae van R43 224.35 (BTW ingesluit);
- (d) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 36(1) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig was om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien die kompakteerder geneem is na 'n kundige diensverskaffer vir 'n *stip-and-quote* vir die herstelwerk;
- (e) Dat die uitgawe ten bedrae van R43 224.35 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/247-677-451 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: ELEKTRIESE HERSTELWERK AAN CK 40681 UD 85 VRAGMOTOR (8/1/B/2)

Die Nissan UD 85-vragmotor, CK 40681, word in Malmesbury, die Riebeek-Vallei, Chatsworth, Kalbaskraal en Abbotsdale gebruik vir die onderhoud aan strate.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die elektriese herstelwerk aan CK 40681 UD 85 Vragmotor, deur UD Trucks Malmesbury ten bedrae van R51 370.05 (BTW ingesluit);
- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 36(1) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig was om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien UD Trucks Malmesbury die ondersteuningsagent vir Nissan Vragmotors is;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R51 370.05 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/4-15-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e)/...

7.13/...

- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.14 EISE: SIBANYE SQUARE INFOMELE NEDERSETTING EN BEHUISING-BEHOEFTES IN MOORREESBURG

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond tot die korrespondensie ontvang vanaf me T Mankay, namens die gemeenskap van Sibanye Square-informele nedersetting in Moorreesburg waarin sekere eise gestel word. Die Munisipale Bestuurder bevestig dat me T Mankay op 'n latere stadium kennis gegee het dat sy nie meer die verteenwoordiger van die gemeenskap is nie, weens haar kandidaatskap vir die plaaslike verkiesing in November.

Daar is verdere korrespondensie ontvang van die waarnemende voorsitter van die Wyk 2 Tussentydse Gemeenskapskakeelkomitee, mnr M Bidi, waarop 'n antwoordende skrywe deur die Munisipale Bestuurder voorberei is. Die eise behels, onder andere:

- (1) Formele opgradering van Sibanye Square
- (2) Gediens te erwe en sekerheid van verblyfreg vir agterplaasbewoners.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die doel van die voorlegging is om die ondersteuning vanaf die Uitvoerende Burgemeesterskomitee te verkry op die skrywe wat aan mnr Bidi voorsien sal word.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van –

- (a) die skrywes ontvang vanaf me T Mankay onderskeidelik gedateer 27 Augustus 2026 en 2 September 2026;
- (b) die antwoordende skrywe deur Swartland Munisipaliteit gedateer 2 September 2026;
- (c) die eise ontvang vanaf mnr M Bidi, waarnemende voorsitter van die Wyk 2 Tussentydse Gemeenskapskakeelkomitee gedateer 11 September 2026;
- (d) die inhoudelike van die antwoordende skrywe gedateer 15 September 2026 aan mnr Bidi en dat die Swartland Munisipaliteit die standpunt ten volle ondersteun en daarmee volstaan.

(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER